higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 4

(3011004)

23 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 'n antwoordblad van 13 bladsye.

562Q1N2223

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is.
4. Toon alle berekeninge.
5. Moenie enige bladsye uit die ANTWOORDBOEK verwyder nie.
6. Gebruik die tabel hier onder as gids vir die hoeveelheid tyd wat jy aan die beantwoording van elke vraag moet bestee.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYD
AFDELING A			
1	Kortvrae	30	27 minute
2	Berekeningvrae	30	27 minute
AFDELING B			
3	Aansuiwerings	40	36 minute
4	Wins-en-verliesberekeninge	30	27 minute
5	Finansiële state	50	45 minute
6	Invloed op rekeningkundige vergelyking	20	18 minute
		200	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Mnr. Ximba se salaris vir die volgende finansiële jaar wat in die huidige finansiële jaar betaal is, staan as ... bekend.

A opgelope uitgawe
B inkomste vooruit ontvang
C voorafbetaalde uitgawe
D opgelope inkomste

1.1.2 Die trekkingsrekening is aan die einde van die jaar tot die ... -rekening afgesluit.

A kapitaal
B wins-en-verlies
C verkope
D handels

1.1.3 Watter EEN van die volgende klassifikasies rekeninge is nie korrek nie?

	Bedryfsbates	Ekwiteit	Bedryfslaste
A	Voorafbetaalde uitgawes	Kapitaal	Inkomste vooruit ontvang
B	Kleinkas	Trekkings	Bank (Dt)
C	Opgelope inkomste	Kapitaal	Krediteurekontrole
D	Kaskontant	Trekkings	Opgelope uitgawe

1.1.4 Die finansiële staat wat gebruik word om 'n onderneming se finansiële posisie te bepaal:

A Inkomstestaat
B Balansstaat
C Kontantvloei
D Proefbalans

1.1.5 Die joernaalinskrywing om die koste-van-verkope-rekening af te sluit:

A Debiteer 'Handelsrekening' en krediteer 'Koste van verkope'
B Debiteer 'Koste van verkope' en krediteer 'Handelsvoorraad'
C Debiteer 'Koste van verkope' en krediteer 'Handelsrekening'
D Debiteer 'Handelsvoorraad' en krediteer 'Koste van verkope'

(5 × 1) (5)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Oortrekking	A	afname in die waarde van 'n bate oor 'n bepaalde tydperk omdat dit in die onderneming gebruik word
1.2.2	Slegte skuld		
1.2.3	Netto wins	B	uitstaande saldo van krediteure wat nie betaal kan word nie
1.2.4	Afnemende-saldo-metode	C	wanneer 'n debiteur 'n rekening nie aflos nie en die rekening as oninvorderbaar afgeskryf word
1.2.5	Afsluitingsoordragte	D	waardevermindering op grond van die boekwaarde van die bate
		E	joernaalinskrywings aan die einde van die finansiële jaar om die totale van die nominale rekeninge na die finale rekeninge oor te dra
		F	oortrokke banksaldo
		G	finale wins wat in die inkomstestaat bereken is

(5 × 1) (5)

1.3 Sanele Malinga het 'n kunstewinkel met die naam Artworks geopen.

Hy het op 1 Maart 2020 begin sake doen. Na die eerste handelsjaar, op 28 Februarie 2021, verskyn die volgende rekeninge en saldo's in Artworks se boeke:

Kontant in die bank	10 540	00
Lening: Colour Bank (12%)	40 000	00
Skootrekenaar en Magic straaldrukker	22 405	00
Canvas Man (krediteur)	6 509	00
Verskillende tipes verf (handelsvoorraad)	33 333	00
Kapitaal	100 000	00
Trekkings	12 500	00
Verkope	95 000	00
Bemarkingskoste	4 500	00
Koste van verkope	25 650	00
Water en elektrisiteit	11 111	00
Telefoon	4 850	00
Huuruitgawes	22 000	00

Kopiereg voorbehou

1.3.1 Verduidelik die verskil tussen *bruto wins* en *netto wins* aan Sanele. (2 + 2) (4)

1.3.2 Sanele het die lening by Colour Bank op 1 Desember 2020 aangegaan om sy onderneming uit te brei. Die lening is oor vier jaar betaalbaar.

Bereken die rente op die lening vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021. (3)

1.3.3 In watter aantekeninge in die balansstaat sal die rente op die lening aangeteken word? (1)

1.3.4 Word die lening as 'n bedryfslas of 'n niebedryfslas beskou? (1)

1.3.5 Uit die gegewe lys rekeninge, help vir Sanele om TWEE bates te identifiseer wat in die balansstaat moet verskyn. (2)

1.3.6 Identifiseer 'n bedryfsbate wat nie in Artworks se lys saldo's verskyn nie. (1)

1.3.7 Bereken die netto wins vir die jaar. Toon alle berekeninge. (5)

1.3.8 Bereken Artworks se eienaarsbelang op 28 Februarie 2021. (3)
[30]

VRAAG 2

2.1 Die volgende inligting verskyn op 31 Mei 2021, die laaste dag van hul finansiële jaar, in die rekords van Fishing Pro Stores:

Vaste deposito: Carp Bank (12%)	R550 000
Verband: Bass Bank (14%)	R200 000
Rente op lening	R12 200
Rente op vaste deposito	R24 440

Bykomende inligting:

- Die vaste deposito is op 1 Januarie 2018 belê. Die rentekoers het op 31 Desember 2020 van 11% tot 12% verhoog.
- 'n Bykomende vaste deposito van R200 000 is op 1 April 2021 belê en is nog nie in die onderneming se boeke aangeteken nie.

2.1.1 Bereken die rente op die vaste deposito wat op 31 Mei 2021 in die inkomstestaat sal verskyn. Rond die antwoord tot die naaste rand af. (8)

2.1.2 Bereken die bedrag wat op 31 Mei 2021 in die aantekeninge by die balansstaat onder handelsrekeninge ontvangbaar vir opgelope inkomste (rente op vaste deposito) sal verskyn. (2)

Kopiereg voorbehou

2.2 Gebruik die volgende saldo's uit die boeke van TA Bridal Boutique op 30 Junie 2021, die einde van die finansiële jaar, om die volgende vrae te beantwoord:

Bank (Dt)	R24 760
Kleinkas	R1 700
Kaskontant	R55 200

Die volgende transaksies is nog nie in die onderneming se boeke aangeteken nie:

- Die eienaar het sy kapitaal op die laaste dag van die finansiële jaar van R120 000 tot R215 000 verhoog.
- Die eienaar het R480 kontant vir haar dogter se skoolgeld uit die onderneming se bankrekening onttrek.
- Die lone van die MH-bestuurder, R5 000, is verkeerdelik uit die kaskontantrekening in plaas van die bankrekeninge betaal. Stel die fout reg.
- R700 is uit kleinkas aan PNA Stationers betaal vir skryfbehoeftes wat aangekoop is.

2.2.1 Berei voor en balanseer die bankrekening op 30 Junie 2021. (5)

2.2.2 In watter aantekening by die balansstaat sal die kleinkas aangeteken word? (1)

2.2.3 Voltooi die aantekening in die balansstaat waar die kleinkas aangeteken word. Toon al die berekeninge tussen hakies. (6)

2.2.4 Joernaliseer die regstelling van die fout met betrekking tot die MH-bestuurder se lone. Geen verduidelikings ('narrations') is nodig nie. (3)

2.3 VME Publishers het op 28 Februarie 2022, die laaste dag van hul finansiële jaar, voorraadopname gedoen. Volgens die fisiese voorraadopname is die handelsvoorraad voor hande R994 000. Die saldo in die handelsvoorraadrekening is R1 000 000.

Bykomende inligting (geen inskrywing is in die boeke gemaak nie):

- Die eienaar het voorraad ter waarde van R1 700 vir persoonlike gebruik geneem. Die voorraad is ná die fisiese voorraadopname geneem.

2.3.1 Bereken die handelsvoorraadtekort op 28 Februarie 2022. (3)

2.3.2 Watter bedrag sal in die aantekening by die handelsvoorraad in die balansstaat op 28 Februarie 2022 aangeteken word? (1)

2.3.3 Watter tipe rekeninge is voorraad ('inventory')? (1)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 3

Die volgende saldo in die proefbalans voor aansuiwerings is op 30 Junie 2021, die laaste dag van hul finansiële jaar, uit die rekords van Kushal's Boutique geneem.

PROEFBALANS VOOR AANSUIWERINGS VAN KUSHAL'S BOUTIQUE OP 30 JUNIE 2021

	FOL.	DEBIET		KREDIET	
Balansstaatrekeningafdeling					
Kapitaal (1 Julie 2020)	B1			200 000	00
Trekkings	B2	25 000	00		
Toerusting	B3	61 400	00		
Opgelope waardevermindering van toerusting	B4			5 960	00
Voertuie	B5	214 000	00		
Opgelope waardevermindering van voertuie	B6			23 000	00
Grond en geboue	B7	300 000	00		
Handelsvoorraad	B8	49 300	00		
Bank	B9	7 200	00		
Kleinkas	B10	1 000	00		
Kaskontant	B11	5 000	00		
Debiteurekontrole	B12	22 400	00		
Vaste deposito: Star Bank (11%)	B13	90 000	00		
Lening: Sun Bank (13%)	B14			150 000	00
Voorsiening vir slegte skuld	B15			2 200	00
Krediteurekontrole	B16			33 300	00
Nominalerekeningeafdeling					
Verkope	N1			635 190	00
Koste van verkope	N2	204 400	00		
Debiteuretoelatings	N3	1 000	00		
Slegte skuld verhaal	N4			1 650	00
Bankkoste	N5	2 050	00		
Droogskoonmaakkoste	N6	3 020	00		
Versekering	N7	7 200	00		
Rente op vaste deposito	N8			1 900	00
Rente op lening	N9	6 000	00		
Posgeld	N10	1 380	00		
Rente-inkomste	N11			17 170	00
Skryfbehoeftes	N12	3 720	00		
Lone	N13	42 700	00		
Water en elektrisiteit	N14	23 600	00		
		1 070 370	**00**	**1 070 370**	**00**

AANSUIWERINGS:

1. Die onderneming het op 1 Maart 2021 'n lening by Sun Bank bekom om skade aan geboue, wat deur onrus in die land veroorsaak is, te herstel. Die bedrag is deur die onderneming ontvang en in die boeke aangeteken. Pas die rente op die lening aan ('adjust').

2. Waardevermindering aan voertuie en toerusting word soos volg verskaf:

   2.1 Voertuie teen 12% per jaar volgens die afnemende-saldo-metode.

   2.2 Toerusting teen 10% per jaar volgens die reguitlynmetode. 'n Nuwe staafkodedrukker is op 1 Oktober 2020 vir R4 000 aangekoop. Die inskrywing is reeds in die onderneming se boeke gedoen.

3. 'n Fisiese voorraadopname op 30 Junie 2021 het die volgende voorraad voor hande getoon:

   - Handelsvoorraad R49 000
   - Skryfbehoeftes R900

4. 'n Tjek van R1 450 aan TCC Cleaners vir droogskoonmaak is foutiewelik na die bankkosterekening gepos. Stel die fout reg.

5. 'n Debiteur, I. Insane, wat die boetiek R3 000 skuld, is insolvent verklaar. 75% van sy skuld is ontvang. Die saldo moet as oninvorderbaar afgeskryf word. Geen inskrywings van hierdie transaksies is gemaak nie.

6. Pas die voorsiening vir slegte skuld tot 5% van debiteure aan.

7. Die helfte van die versekering wat betaal is, het betrekking op die volgende finansiële jaar.

VERLANG:

Teken die aansuiwerings op 30 Junie 2021 in die algemene joernaal aan. Geen verduidelikings is nodig nie. Rond antwoorde tot die naaste heelgetal af. Waar toepaslik, toon alle bewerkings in die ANTWOORDBOEK. **[40]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Die volgende proefbalans ná aansuiwerings verskyn in die boeke van Covid Traders op 31 Desember 2021, die laaste dag van hul finansiële jaar.

PROEFBALANS NA AANSUIWERINGS VAN COVID TRADERS OP 31 DESEMBER 2021

	FOL.	DEBIET		KREDIET	
Balansstaatrekeningafdeling					
Kapitaal (1 Januarie 2021)	B1			500 000	00
Trekkings	B2	90 000	00		
Grond en geboue	B3	800 000	00		
Toerusting	B4	203 500	00		
Opgelope waardevermindering van toerusting	B5			57 200	00
Vaste deposito: Moon Bank (11%)	B6	75 000	00		
Handelsvoorraad	B7	176 800	00		
Bank	B8	30 700	00		
Kaskontant	B9	300	00		
Debiteurekontrole	B10	21 400	00		
Voorafbetaalde uitgawes	B11	2 900	00		
Opgelope inkomste	B12	1 800	00		
Krediteurekontrole	B13			49 310	00
Opgelope uitgawe	B14			1 900	00
Nominalerekeningeafdeling					
Verkope	N1			1 325 000	00
Koste van verkope	N2	420 320	00		
Debiteuretoelatings	N3	1 900	00		
Koerier- en posgeld	N4	4 150	00		
Waardevermindering	N5	52 400	00		
Rente op vaste deposito	N6			6 650	00
Verpakkingsmateriaal	N7	3 550	00		
Instandhouding aan eiendom	N8	5 440	00		
Eiendomsbelasting en diensgeld	N9	18 100	00		
Huuruitgawes	N10	14 600	00		
Rente-inkomste	N11			29 650	00
Salarisse en lone	N12	29 100	00		
Personeelopleiding	N13	11 450	00		
Skryfbehoeftes	N14	2 900	00		
Telefoon	N15	3 400	00		
		1 969 710		**1 969 710**	

Kopiereg voorbehou

Open die volgende rekeninge in die algemene grootboek van Covid Traders en pos die afsluitingsoordragte daarheen. Saldo/Afsluiting van die rekeninge op 31 Desember 2021.

4.1	Kapitaal	(5)
4.2	Trekkings	(2)
4.3	Verkope	(4)
4.4	Handelsrekening	(4)
4.5	Wins-en-verlies-rekening	(15)

(Toon alle bewerkings waar nodig)

[30]

VRAAG 5

PROEFBALANS VOOR AANSUIWERING VAN DM FISHING STORE OP 28 FEBRUARIE 2022

	FOL	DEBIET		KREDIET	
Balansstaatrekeningafdeling					
Kapitaal (1 Maart 2021)	B1			700 000	00
Trekkings	B2	30 000	00		
Grond en geboue	B3	650 000	00		
Voertuie	B4	250 000	00		
Opgelope waardevermindering van voertuie	B5			80 330	00
Toerusting	B6	131 800	00		
Opgelope waardevermindering van toerusting	B7			37 300	00
Handelsvoorraad	B8	71 700	00		
Bank	B9	9 740	00		
Kleinkas	B10	1 800	00		
Debiteurekontrole	B11	32 445	00		
Verbandlening: Peace Bank (10%)	B12			70 000	00
Krediteurekontrole	B13			30 000	00
Nominalerekeningeafdeling					
Verkope	N1			807 000	00
Koste van verkope	N2	401 550	00		
Debiteuretoelatings	N3	6 650	00		
Boekhoufooie	N4	14 370	00		
Slegte skuld	N5	2 605	00		
Versekering	N6	17 600	00		
Rente betaal	N7	10 000	00		
Regskoste	N8	8 730	00		
Drukwerk en skryfbehoeftes	N9	4 230	00		
Onderhoud en herstel aan eiendom	N10	12 150	00		
Eiendomsbelasting en diensgeld	N11	11 800	00		
Rente-inkomste	N12			35 000	00
Telefoon	N13	2 780	00		
Lone	N14	78 480	00		
Water en elektrisiteit	N15	11 200	00		
		1 759 630	00	1 759 630	00

Gebruik die inligting uit die boeke van DM Fishing Store op 28 Februarie 2022, die einde van hul finansiële jaar, om die volgende voor te berei:

5.1. Inkomstestaat vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2022 (26)

5.2. Balansstaat soos op 28 Februarie 2022 – Toon slegs die aantekeninge wat nodig is in die ANTWOORDBOEK. (24)

Aansuiwerings:

1. Die eienaar het twee visstokke wat elk R5 500 kos (verkoopprys per visstok is R9 200) aan haar verloofde vir 'n hengelkompetisie geskenk.

2. 'n Bedrag van R6 000 wat jaarliks op 1 Januarie betaal word, is by die versekeringsbedrag ingesluit. Die polis is sewe jaar gelede uitgeneem.

3. Waardevermindering aan toerusting en voertuie word soos volg verskaf:

   - Voertuie teen 10% per jaar volgens die afnemende-saldo-metode.
   - Toerusting teen 12% per jaar volgens die reguitlynmetode.

4. Skryf Omicron Covid se skuld van R1 390 as oninvorderbaar af.

5. Skep 'n voorsiening vir slegste skuld teen 5% van debiteure.

6. 'n Fisiese voorraadopname op 29 Februarie 2020 het die volgende voorraad voor hande getoon:

   - Handelsvoorraad R60 000
   - Drukwerk en skryfbehoeftes R1 400

7. Rente is tot 30 April 2022 ontvang.

NB: Toon alle bewerkings tussen hakies waar van toepassing. Rond antwoorde tot die naaste heelgetal af. **[50]**

VRAAG 6

Ontleed die transaksies uit die boeke van Mix and Match Supermarket op 31 Desember 2021, die laaste dag van hul finansiële jaar.

Toon die rekening wat in die algemene grootboek gedebiteer en gekrediteer moet word. Toon die effek op die elemente van die rekeningkundige vergelyking. Toon 'n toename met 'n + aan; vermindering met 'n –; geen invloed nie met 'n 0. Gebruik die tabel in die ANTWOORDBOEK om die transaksies te ontleed.

VOORBEELD: *YAB Stationers per tjek betaal, R200.*

Nommer	Algemene grootboek		Invloed op die rekeningkundige vergelyking		
	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	Bates	Eienaars-belang	Laste
Voorbeeld	*Skryfbehoeftes*	*Bank*	*-200*	*-200*	*0*

Gevra:

6.1 Die volgende ten opsigte van verkope vir die jaar:

- Kontantverkope R333 000
- Kredietverkope R67 000
- Koste van verkope R150 000

Sluit die verkoperekeninge vir die jaar af. Toon die uitwerking van hierdie sluitingsoordrag op die rekeningkundige vergelyking. (4)

6.2 Die eienaar het haar kapitaal met 15% verhoog. Die aanvanklike kapitaalbedrag wat belê is was R225 000. (4)

6.3 'n Nuwe raakskermkasregister is op krediet vir R6 600 by XPS Computer Stores aangekoop. (4)

6.4 Die telefoonrekening vir Desember 2021 is nog nie betaal nie, R7 200. (4)

6.5 Die onderneming het die volgende voorraaditems as Kersgeskenkpakkies aan die Aryan Benevolent Ouetehuis in Glencoe geskenk.

Toiletware	R260
Kruideniersware	R380
Skoonmaakmateriaal	R100
Kersgeskenke	R125

15 Kersgeskenkpakkies is geskenk. (4)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou